

### RUT 1:1-14

- In die tyd van die leiers was daar op 'n keer **hongersnood** in die land, en 'n man met sy vrou en sy twee seuns het uit Betlehem in Juda weggetrek om 'n heenkome te soek in die gebied van Moab.
- Die man was Elimelek, sy vrou Naomi, en sy twee seuns Maglon en Kiljon.
- Hulle was afkomstig uit Efrata in Betlehem in Juda.
- Hulle het in Moab aangekom en hulle daar gevestig.
- Toe **Naomi se man sterf** het sy en haar twee seuns alleen agtergebly.
- Die twee seuns het later **getrou met die Moabitiese meisies** Orpa en Rut. Naomi en haar seuns het omtrent tien jaar in Moab gebly.
- Toe **haar seuns Maglon en Kiljon ook sterf**, het sy alleen agtergebly sonder haar seuns en sonder haar man.
- Toe sy **verneem** dat die Here vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle 'n goeie oes te gee, het sy haar skoondogters klaargemaak om van Moab af terug te gaan.
- Sy en haar skoondogters het saam vertrek uit die plek waar hulle gebly het, op pad na Juda toe.
- Toe sê Naomi vir haar twee skoondogters: "Julle moet liever teruggaan na julle ouerhuise toe. Mag die Here sy liefde aan julle bewys, soos julle aan die oorledenes en aan my liefde bewys het.
- Mag die Here vir julle elkeen weer 'n goeie man en 'n heenkome gee."
- Toe sy van hulle wou afskeid neem, het hulle begin huil en vir haar gesê: "Nee, ons wil met Ma saamgaan na Ma se volk toe."
- Maar Naomi het weer vir hulle gesê: "Gaan terug, my dogters. Waarom sou julle saam met my wou kom? Het ek nog enige hoop om seuns in die wêreld te bring, sodat julle met hulle sou kon trou?"
- Gaan asseblief maar terug, my dogters, ek is te oud om weer te trou; selfs al sou ek sê daar is nog hoop vir my, al sou ek nog seuns in die wêreld bring, sou julle kon wag tot hulle groot is? Dit is onmoontlik, my dogters.
- Nee my lot is swaarder as julle s'n: **die Here het teen my gedraai.**"

### RUT 1:20-21

- Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak.
- My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het 'n ramp oor my gebring.

### RUT 4:16-17

- Naomi het toe die seuntjie op haar skoot gevat en as haar eie aangeneem.
- Haar buurvroue het die seuntjie toe 'n naam gegee. Hulle het hom Obed genoem en gesê: " 'n Seun is vir Naomi gebore.
- **Obed was die voorvader van Dawid.**

### PS.34:8 (TPT)

- Drink deeply of the pleasures of this God. **Experience for yourself** the joyous mercies He gives to all who turn to hide themselves in Him.

### PHIL 4:12-15 (TPT)

- I know what it means to lack, and I know what it means to experience overwhelming abundance. For **I'm trained in the secret of overcoming all things**, whether in fullness or in hunger. And I find that the strength of Christ's explosive power infuses me to conquer every difficulty.

### 2 TIM. 2 (TPT)

- My dear son, live your life empowered by God's free-flowing grace, which is your true strength, found in the anointing of Jesus and your union with Him!